
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17



Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

STRUIKELBLOKKE IN DIE WEG VAN GOD SE SEËNINGE

Mense wonder dikwels waarom hulle nie die seën ontvang waarvoor hulle die Here gevra het nie. Hulle sê dat hulle gebid en gebid het en dit lyk asof die Here hulle nie hoor nie, of nie op hulle behoefte reageer nie. Ek het dus 'n lys gemaak van sommige van die struikelblokke wat die oorsaak hiervan kan wees, en as dit jou situasie beskryf, sal die Heilige Gees jou hart oortuig, en wees net gehoorsaam aan die influistering en Sy leiding.

1. Onvergewensgesindheid, 'n wrok teen iemand hou.

Die Bybel sê dat as ons nie ons medemens sy oortredinge vergewe nie, sal ons Hemelse Vader ons ook nie ons oortredinge vergewe nie (Mark. 11:25-26). Wanneer ons na die Here toe gaan is die eerste ding wat ons nodig het, vergifnis vir ons sonde en dis die eerste ding wat God vir ons wil gee, maar Hy sal ons nie vergewe as ons nie bereid is om ander te vergewe nie en as daar sonde is, kan God nie in daardie omstandighede werk nie, want die sonde van onvergifnis skei ons van God. Ek het al dikwels gesien hoe 'n lydende onmiddellik genees word die oomblik wat hy diegene vergewe wat hom veronreg het en so breek jy die bande wat die pynigers wettiglik oor jou gehad het (Kry ons boek "Die krag van vergifnis").

2. Onregte gepleeg teenoor 'n medemens.

As jy op enige wyse jou medemens veronreg het, moet jy dit regstel en om vergifnis vra. Dit is wat Jesus in Matt. 5:23-24 bedoel het, toe Hy gesê het: "As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jy broeder iets teen jou het, laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan en bring jou gawe." Baie van ons gebede word nie verhoor nie, omdat ons nie reggemaak het met 'n medemens wat ons veronreg het nie.

3. Gebrek aan doelgerigtheid en ywer wanneer God aangeroep word vir genesing.

God is die beloner van diegene wat Hom met ywer soek (Heb. 11:6). Ons ontmoet mense wat al alle moontlike mediese raad en operasies gehad het vir genesing, maar wanneer hulle ten einde laaste God raadpleeg, doen hulle dit sonder enige entoesiasme en sê dat God moontlik of miskien na hulle klaagliedere sal luister! Of hulle kom nou maar vir gebed, omdat hulle familie so daarop aandring!

4. Weens swak onderrig beperk mense God tot wonderwerke.

Wanneer sommige mense nie onmiddellik genees word nie, verloor hulle geloof en vertroue. God maak egter onderskeid tussen 'n wonderwerk

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Struikkelblokke in die weg ...)

en 'n Goddelike genesing. As elke mens, hoe swak ook al, sterk en gesond gemaak sou wees in 'n oomblik, sou daar nie genesings wees nie, wat dikwels tyd neem om te manifesteer, maar net wonderwerke. Paulus praat van die gawes van gesondmaking (genesing) en van die werkinge van kragte (1 Kor. 12:9 en 10). Jesus kon in Nasaret geen wonderwerke doen nie, maar Hy het 'n paar siekes genees. Om genesings met wonderwerke te verwar is 'n baie algemene hindernis tot genesing in ons tyd, weens die swak onderrig wat deur die kerke aan hulle lidmate gegee word oor sulke uiters belangrike onderwerpe soos Goddelike genesing en die gawe van die Heilige Gees.

5. Die geloof krimp deur die oë te rig op simptome.

In plaas van dit te doen moet hulle, soos Abraham van ouds, hulle geloof versterk deur hulle oë te hou op God se Beloftes (Rom. 4:20-21). Sulke mense maak hulle gevoelens die grondslag van hulle geloof in plaas van God se Woord wat nie van dag tot dag verander soos 'n mens se gevoelens nie.

Daar is drie belangrike invloede aan die werk in jou: feite, geloof en gevoel. Gevoelens is sekondêr – jy moet nie lewe volgens hoe jy voel nie. Jou grondslag is die feite van die Woord van God. Reageer daarop met geloof en jou gevoelens sal volg!

6. Party mense glo maar doen niks.

Geloof sonder werke is dood, dit sê die Bybel (Jak. 2:22). God kan net ten gunste van ons reageer as ons geloof en ons optrede (werke) ooreenstem. Mark. 11:22 sê ons moet geloof in God hê – geheel en al staatmaak op Sy getrouheid.

Wanneer ons waarlik glo sal ons geloof dink, geloof praat en in geloof reageer. Vir die blinde man het Jesus gesê: "Gaan was jou in die poel van Siloam" (Joh. 9:7). Hierdeur het die man 'n geleentheid gehad om geloof prakties toe te pas in sy hart, gedagtes en liggaam. Hy was nie genees voordat hy gelowig opgetree het nie. Hy het geglo die genesing was volbring, voordat hy dit gesien het.

Net so met Naäman, die melaatse en ook met die tien melaatses aan wie Jesus gesê het: "Gaan vertoon julle aan die priester." Daar staan geskrywe: OPPAD, IS HULLE GEREINIG. 'n Opsigtelike geloof van hulle kant af in hulle hart, siel en liggaam was nodig voordat hulle genesing gemanifesteer het, nieteenstaande hulle toestand. Sommige word nie genees nie omdat hulle hierdie orde wil omdraai. Hulle wil eers sien en dan glo – dis nie God se orde nie.

7. Moenie wankel nie

Wanneer die toets kom, verloor sommige vertroue en besef nie dat, soos met Abraham die geval was, die toetsing van hulle geloof is om hulle te vervolmaak, nie te vernietig nie. Jak. 1:2-4 stel dit baie duidelik in die Nuwe Vertaling: "My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. En die volharding moet end uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming."

8. Wees vervul met die Heilige Gees

Dit is nalatigheid om die vervulling met die Heilige Gees nie te ontvang nie, want Hy is juis gestuur om die krag en seëninge van ons verlossing vir ons 'n werklikheid te maak.

Rom. 8:11: En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon. Die Heilige Gees moet in ons woon. Aangesien ons liggame die tempels van die Heilige Gees is en Hy genesing toepas, kan ons sê Hy is die Skrynwerker wat die huis herstel. Baie hou die Skrynwerker bewustelik buite, maar vra herstel aan die binnekant. Ons liggame moet 'n lewende en welgevallige offer voor God wees (Rom. 12:1) en die Heilige Gees moet in ons woon. Hierdie rede is nie van toepassing op hulle wat nog nooit geleer is oor die Heilige Gees nie, maar vir hulle wat weet, is daar geen verskoning nie. (Kry ons boek "Ondervind die Heilige Gees" en "Is daar krag in die doop in die Heilige Gees?")

9. Glo nie dat die Bybel die geïnspireerde Woord van God is nie.

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Struikkelblokke in die weg ...)

Baie ontvang nie die geskrewe Woord van God en die beloftes daarin vervat as 'n direkte Woord van Hom aan hulle nie.

Dit is vir hulle moeilik om te herken dat die Woord van God, die stem van God en die Wil van God nodig is vir geloof.

10. Glo nie voordat jy sien nie.

Sommige sal nie glo dat hulle gebed vir genesing verhoor is totdat hulle die antwoord ondervind en sien nie.

Christus het nie belowe dat ons genesing sal begin voordat ons glo dat Hy ons gebed verhoor het nie. Party mense dink hulle moet aanhou bid, en nie glo dat hulle gebed verhoor is, totdat hulle gesond is nie. Dit is presies die teenoorgestelde van wat God verlang.

Kom ons kyk na **Mark. 11:24: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.** Daardie: "En julle sal dit verkry", is, nadat jy geglo het dat Hy jou gebede verhoor het. Net soos Jesus by Lasarus se graf gebid het, nl. "**Vader, Ek dank U dat U My verhoor het",** toe hy nog dood was, behoort ons te kan bid, terwyl ons nog siek is. Jesus sê: "**jy sal dit verkry",** en dit is jou bewys dat jou gebede verhoor is.

Soos ek reeds genoem het, vir geloof is die Woord van God, die stem van God. God het nie belowe dat ons genesing sal begin voordat ons glo dat Hy ons gebede verhoor het nie. As ons iets glo en vra ooreenkomstig Sy Wil, verhoor Hy ons. Ons moet kan sê: "Ek weet ek het dit wat ek van Hom gevra het, nie omdat ek die antwoord sien nie, maar omdat God getrou is wat dit sal uitvoer ".

Abraham het nie aanhoudend gebid vir die geboorte van Isak totdat die kind gebore is nie. In plaas daarvan het hy aangehou glo en God verheerlik vir Sy Belofte. Josafat en die leër van Israel het nie gebid nie, maar God met 'n luide stem geloof vir antwoord op gebede voordat hulle uitgegaan het om stryd te voer teen 'n sterk vyand. **Hulle geloof was die bewys (of versekering) van dinge wat hulle nog nie gesien het nie (Heb. 11:1).**

Dit is 'n standvastige geloof wat nie verswak nie, wat die vervulling van God se Beloftes te weeg bring. As ons geloof onaktief word, verswak dit. As ons dit aktief hou, sal dit steeds groei.

Een seker manier om ons geloof aktief te hou en te laat groei, is deur die Woord van God te leer ken deur baie tyd daarmee deur te bring en om dit dan in ons lewe toe te pas.

Rom. 10:17: Geloof is uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God. Graag staan ek weer stil by die Woord van die Here. In Eseg. 12:28 lees ons: **Daarom , sê vir hulle: So spreek die Here Here: Geeneen van My woorde sal meer uitgestel word nie; wat Ek as Woord spreek, dit sal gebeur, spreek die Here Here.** Hy gaan nog verder in Jes. 55:11: **So sal My Woord wees wat uit My mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.**

God het Sy Woord uitgestuur en Sy volk genees. Hy sê Sy Woord sal doen wat Hom behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Hy dit stuur. Probleme en nie die verkryging van ons genesing kom wanneer ons nie die Woord van God in ons harte het nie. Want as ons nie God se Woord in ons hart en in ons gees het nie, hoe kan ons verwag dat Hy daardie Woord moet laat gebeur wat in werklikheid nie daar is nie?

In Deut. 30:14-16 sê God se Woord vir ons: **Maar baie naby jou is die Woord, in jou mond en in jou hart, om dit te doen. Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk. Wat ek jou vandag beveel, is om die Here jou God lief te hê, in sy weë te wandel en Sy gebooie en Sy insettinge en sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die Here jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.**

God se Woord behoort in jou mond en in jou hart te wees.

As jy die Skrifte wat gaan oor genesing in jou hart het omdat jy dit glo, moet jy dit ook uitspreek met jou mond. Die teenoorgestelde is ook waar: as jy twyfel en ongeloof in jou hart het weens gebrek aan kennis van God se Woord, sal dit terugslae en siekte bring as dit oor jou lippe kom. Wees dus ook uiters versigtig vir die woorde van jou mond! **Mark. 11:23:.... hy (jy) sal verkry net wat jy sê.** □

EFFECTUAL FERVENT PRAYER

(James 5:16)

Before we pray to our Father God, we need to be consciously aware of the fact that we are speaking to, and communicating with, a loving, living Heavenly Father! This is essential to our prayer life because this simple yet profound truth motivates us to earnest, honest and real dialogue with Him. We really need that revelation in our hearts as it brings with it the realisation that sincere prayer is always heard and answered by God. **1John 5:14-15: And this is the confidence that we have in Him, that, if we ask any thing according to His will, He heareth us: And if we know that He hear us, whatsoever we ask, we know that we have the petitions that we desired of Him.**

It is imperative that we have the assurance that He hears us when we pray, and that He promises to answer prayer that is prayed according to His Will. And how do we know His Will? His Will is recorded in His Word, the Bible! In other words, His will is His Word, and His Word is His Will! We can therefore conclude that when we pray Father God's Word back to Him, He will respond to this truth and react upon it! When you became a child of God by giving your heart to Jesus, declaring Him your Saviour and Lord, (according to John 1:12), you gained the privilege of being able to come directly to the Throne of Grace in order to make your petitions known to your Heavenly Father. The Bible teaches us always to approach Father God in the name of Jesus, because He alone paid the price for our reconciliation to God, with His precious Blood at Calvary, (Joh.16:23-24). Thus when we pray, we pray to the Father, in the Name of Jesus, by the power of the Holy Spirit. (Rom. 8:26)

We need therefore to be in a right relationship with God, through Jesus Christ, (1 Cor.1:30) and then we are able to come before the throne of our Lord God boldly and with liberty, thanking, praising and making our requests known unto Him. There are those from many religions who pray to their "god", but they deny the only mediator, (ordained by our Heavenly Father), between man and God – the man Christ Jesus (1 Tim. 2:5). Their prayer is thus in vain. It is imperative that we are sure of our salvation, through the Blood of Jesus Christ, before we come to God in prayer. We need to serve Him and live for His glory, as His obedient Blood-washed children.

You must come before the Lord in earnest repentance, and ask forgiveness for sins committed, confessing them and believing that the Lord, in His great mercy, cleanses you from all sin and you become a new creation in Christ Jesus. If you do not confess and repent of your sins, turning your back on them, they become a barrier between you and Father God, a stumbling block in your spiritual life. They form a blockage, often preventing God from working in and through us, or hearing and answering our prayers, and this produces frustration and despondency which may lead to backsliding to our previous state. If you are aware of any sin that could separate you from the Lord, confess it immediately, asking for forgiveness and stand on God's promise in 1 John 1:9, which says: **"If we confess our sins, He is faithful and just to forgive us our sins, and to deliver us from all unrighteousness."**

As you prayerfully wait upon the Lord, God's Holy Spirit will reveal anything else that may be a blockage in your spiritual walk with the Lord. Read the Bible and ask the Lord to show you what this might be – WAIT EXPECTANTLY ON THE LORD – listening to His voice in your heart.

The sin that is often the most difficult to deal with is **unforgiveness,** which brings deep sadness to our Father's heart. (Matt. 18:23-35) When you come in prayer, trusting the Lord for healing, deliverance or provision, it is of the utmost importance that you have no unforgiveness towards anyone, as this is one of Father God's specific requirements for answered prayer. Check your heart. We often pray **"forgive us our trespasses",** but we forget that the Scripture says ….. **"as we forgive those who trespass against us." Matt. 6:14-15.**

You may reason … "but that person has done me such a great injustice, I can never

(Continued on page 5)

(Continued from page 4 - Effectual fervent prayer)

forgive them!" However, it does not matter **what** they have done, the Word of God commands us to forgive them. God does not say that we are to forgive if we are the guilty party, no, guilty or innocent – HE SAYS FORGIVE! Read Matt. 8:21-35 and Luke 17:4.

In Mark 11:23-24 we find a wonderful promise from the Lord: **For verily I say unto you, That whosoever shall say unto this mountain, Be thou removed, and be thou cast into the sea; and shall not doubt in his heart, but shall believe that those things which he saith shall come to pass; he shall have whatsoever he saith. Therefore I say unto you, What things soever ye desire, when ye pray, believe that ye receive *them,* and ye shall have *them.*** But read on to verse 25 and 26: **And when ye stand praying, <u>forgive,</u> if ye have aught against any: that your Father also which is in heaven may forgive you your trespasses. Mark 11:26: But if ye do not forgive, neither will your Father which is in heaven forgive your trespasses.**

Also read James 2:13, 5:16 and Matt. 5:23-24. HOW DO I FORGIVE? Forgiveness is not optional, it is essential!! It is also not an emotion, but a choice. I choose to obey God's instructions in His Word. Most unanswered prayers can be traced back to an **unwillingness** to forgive another! If the Lord convicts you of unforgiveness harbored in your heart, then you need to confess it before Him, and ask Him to forgive you. This prayer example may give you some guidance, but pray sincerely from your heart: **My Heavenly Father, I know that I hold deep resentment, even hatred in my heart towards** (person's name) **This is sin in your eyes. Deliver me and sanctify me by Your Blood as I choose to forgive** (person's name) **You forgave me when I was still a sinner, not deserving of your grace and mercy. Father I ask that You give me your grace, Your love to forgive** (person's name) **You promised in Your Word (the Bible) that You would do anything that I asked in Jesus Name, according to Your Will. Please remove all unforgiveness and resentment from my heart this moment. I choose to forgive in obedience to your Word. Give me Your love for** (person's name) **in Jesus Name. Thank you Lord. Amen.**

I would like to suggest that you read our book "The Power of Forgiveness", which will strengthen your heart when you understand the amazing forgiveness Jesus portrayed towards us. God is a caring Father who loves to give us the desires of our heart. (Psalm 37:4-5). Although God knows the thoughts, intents and desires of our heart long before we ask, He still longs for us to come to Him and tell Him of our needs and desires in vocal prayer, as a child would approach his parent. We must, according to the Bible, make our requests known unto Him, and then He promises to meet our needs. (Phil. 4:19). Decide what the longing of your heart is, and search the Scriptures, (as for treasure to be discovered in His Word), in order to find God's promises regarding your particular need.

So often we pray long prayers of repetition, not believing or expecting God to answer. (Matt. 6:7-8) Are you actually praying, believing for an answer? Do your pray with expectancy? If not, your prayers are in vain. Take your Bible (the Sword of the Spirit), and search for specific promises pertaining to that desire for which your heart longs. God's Word is His Will for His children, and we can always ask for something according to His revealed will. If you pray contrary to God's Will, don't expect that prayer to be answered. This is often the reason why so many prayers remain unanswered. WE MUST PRAY FOR THINGS ACCORDING TO GOD'S WILL. (1 John 5:14).

James 4:3 says: **You ask and do not receive because you ask amiss, that you may spend it on your pleasures.** God expects us to study and get to know His Word – filling our spirit and soul with His Living Word. We read in **Joshua 1:8: This book of the law shall not depart out of thy mouth; but thou shalt meditate therein day and night, that thou mayest observe to do according to all that is written therein: for then thou shalt make thy way prosperous, and then thou shalt have good success.**

The Bible says that **"God hastens to perform His Word." (Jer. 1:12).** Jesus wants us to be rich in good thoughts concerning Him. He desires that His chosen ones delight in Him. He is revealed as "The Pearl of Great Price". (Matt. 13:46) God regards Him as "His Indescribable Gift". (2 Cor. 9:15) The Angels consider Him as "The Worthy Lamb of God". (Rev. 5:12)

Beloved, remember that Satan's aim is to succeed in getting a child of God to doubt

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Effectual fervent prayer)

the Father's Word and especially His promises to us. He knows that we will then just give up and lose that blessing or promise for which we once believed, therefore we must **know** the Scriptures in order to firstly believe them with our whole heart, and then to proclaim them, speaking them aloud in prayer with our mouth. Reminding Father God of His Word! (Isaiah 43:26) We read in Luke 4:1-13 that Satan tempted Jesus in the wilderness after He had fasted for forty days and nights. When resisting the devil's attack, Jesus said: "It is Written!", and quoted Scripture in order to successfully deal with His enemy. If we do not know how to use the Scriptures as our spiritual weapon, we will be robbed of our inheritance, and all the promised blessings purchased at such a great price at Calvary. Jesus says "I have inscribed you on the palms of My Hands, ie. Your person, your circumstances, your sin, temptations, needs, works and weaknesses – everything about you is inscribed on My hands. Beloved, never ever say that God has forsaken you – you are part of His very Being and He loves you with an everlasting love.

We are instructed in God's Word to make our daily needs known to our Heavenly Father, even though He tells us that He knows what we have need of long before we ask (Math. 6:8), He still wants us to approach Him as a Father and trust Him to sort out our problems of us. However we must come to Him believing two things and they are, firstly that He is **able** to, and secondly that it is His **will** to! Here is a practical illustration: It is nearing the end of the month, and you don't know how far your finances are going to stretch in order to buy food for your family. This is when you should come to your Heavenly Father and make your needs known, then remind the Lord of His promises in Phil. 4:19, Psalm 23:1, Psalm 37:4, 2 Cor. 9:6-8 (to quote but a few). You believe that He has heard your prayer and so you start thanking Him for the answer to your prayer. Time may pass without you seeing anything beginning to happen so this is your time to stand firm in faith still trusting God's Word. If doubt or unbelief come to rob you from trusting the Word, God's promise, resist the devil, confess God's Word and BELIEVE WITH YOUR WHOLE HEART. (Rom. 10:10). **For God is not a man that He can lie**. **(Num. 23:19**).

Prayers not prayed in faith and with expectancy are just dead rituals. There is often a delay in God's answer to our prayers being manifested, but we must exercise steadfast patience and perseverance. We read in **Heb.10:35-36: Cast not away therefore your confidence, which hath great recompense of reward. For ye have need of patience, that, after ye have done the will of God, ye might receive the promise.**

The Bible says**: fight the good fight of faith**. (1 Tim. 6:12)**.** This is saying in fact, that we are to fight to stay in faith; to remain in faith! Thus we see that it is quite scriptural to experience delays in actually experiencing the answer to our prayer at times, but God has answered in His perfect way, and we **will** experience that answer at the perfect time. Our part is to trust and obey, to remain expectant with hearts full of thanksgiving regardless of the time involved before actually seeing the answer to our prayer. Remember that nothing is impossible for God! (Matt.1:37). Our Heavenly Father is able to do far above what we can even hope, dream or imagine! (Eph. 3:20). God is able to perform that which is way above what seems possible in man's eyes! **Don't be passive and unbelieving in your prayer life!** God's Word says that we are in a spiritual battle. (2 Cor. 10:3-5 and Eph. 6:12)

If anyone came to rob you of what was rightfully yours, I am certain you would put up some sort of resistance, even a fight. We should have exactly the same attitude and response when Satan comes to steal God's promises from our heart. Yet somehow we just lie down and play dead when he comes to us with his lies, suggesting to us that God might not have meant exactly what His Word says! We allow him to steal God's Word out of our heart and to replace it with his doubt and unbelief! We must be alert, recognizing the devil's attacks on God's Word and on our faith in His ability to bring it to pass, and we must use God's Word as a weapon to withstand him and remain in faith! (Eph. 6:17). God declares that His Word will not return to Him void! (Isaiah 55:11)

It is imperative that we know and speak the necessary scriptures to resist Satan's lies. Proclaim: "IT IS WRITTEN!" The devil uses people to

(Continued on page 7)

(Continued from page 6 -Effectual fervent prayer)

discourage us and to make us despondent, especially in spiritual matters. We must learn to resist the enemy body, soul and spirit. When it comes to healing, proclaim: **"By the stripes of Jesus I am healed."** (Isa. 53:4-5). It does not matter what sickness, pain or infirmity your may be suffering, your trust in the Lord will be built up once you choose to step out in faith, believing God and taking Him at His Word. (Rom. 10:17). **The choice is yours!**

I cannot over emphasize the importance of developing a "faith- filled" vital and vibrant prayer life with our Heavenly Father, not only so that our needs may be met, but in order that we may hear His voice and respond to His will and guidance for our lives. There is so much that we would miss in this life here on earth and in our life here after if we neglect to continually communicate with our "Abba Father" who imparts His wisdom, His desires for our life, His comfort, love, protection, healing and provision in every area of need. He says that our prayers come up to Him as sweet incense (Rev. 5:8). He delights in our prayers, and how much more is His delight when we are praying according to His very own heart with a firm knowledge of His Word!

Whatever your immediate need may be, let it be like a strong current, to carry you to His divine love and promises. Hasten to your Heavenly Father while He waits to meet with you and answer your prayer. □



uit **Dr James se kantoor**

Liewe familie in Jesus,

Ek wil een en almal van julle bemoedig om sterk en ferm en standvastig in die geloof te staan. Moenie weifel! Ek weet dat baie van julle op die oomblik deur beproewinge en rampspoede gaan en dit is die tyd om die Here met jou hele hart te vertrou en om Sy Woord oor jou situasie te verklaar. Jesus het vir Sy dissipels gesê in Matt. 21:21: **Voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het ('n standvastige staatmaak vertroue) en nie twyfel nie, sal julle nie alleen doen wat met die vyeboom gebeur het nie; maar al sê julle ook vir hierdie berg: Hef jou op en werp jou in die see — sal dit gebeur.**

Elkeen gaan deur seisoene wanneer die uitdagings van die lewe oorweldigend voel. Gedurende hierdie tye is dit maklik om versoek te word om te praat hoe sleg dinge is. Miskien ervaar jy nou 'n situasie wat onmoontlik lyk. Moenie ontmoedig raak en opgee nie, want God wil iets ontsagwekkend in jou lewe doen. In plaas van om met God te praat oor hoe groot jou probleme is, praat met jou probleme oor hoe groot jou God is. Wees sterk en begin om guns oor daardie situasie te spreek. Sê elke dag, "Vader, dankie dat U guns dit omdraai. Dankie dat U guns 'n weg maak selfs al kan ek nie 'n weg sien nie. Here dankie dat U guns buitengewone, verbasende, oorweldigende dinge doen." Wanneer jy jou geloof so vrystel, sal jy sien dat God optree en wonderlike dinge doen wat jy nooit tevore gesien gebeur het nie!

Onthou, selfs al kan jy nie sien hoe dinge ooit kan uitwerk nie, God kan. Doen net jou deel en hou aan om met daardie berge in jou lewe te spreek. Verklaar guns oor daardie situasies en wees gereed om voorwaarts te beweeg in die oorwinning en seën wat God vir jou voorberei het! Amen en Amen!

Ons bid elke oggend vir julle wanneer ons nagmaal gebruik, die Here sal in elke behoefte van jou voorsien en jou en jou familie beskerm. Onthou dat God jou liefhet en altyd net die beste vir jou wil hê.

Ek wil hierdie geleentheid gebruik maak om julle almal te bedank vir julle wonderlike ondersteuning deur liefde, getuies, finansies en al die gebede wat ons in staat stel om die ware Goeie Nuus te verkondig in hierdie eindtye. Baie dankie dat julle ons arms omhoog hou.

Mag die Here u een en elk oorvloedig seën.

Baie liefdegroete van ons almal by die Christelike Sentrum,

Dr James

Ons God van wonderwerke……Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Dear Dr James,

I thank you Jesus and all who prayed for Erica, a dear child of God who asked for a miracle and received it. She is so thankful for His healing in her body after a huge removal of a cancer cyst during a hysterectomy operation -the medical team getting her ready for cancer treatment and a PET scan to determine where the cancer had spread. But God had heard her cry and the saints' prayers, declared her cancer free!! Praise to the Lord for the miracle.

2. The Lord also undertook for Ken (68) after an angiogram was done:" strong heart and arteries" the specialist said - no work needed on the heart - Thank you Lord!!

Thank you dear prayer group. Blessings
Ellen (Pretoria)

'n Dank en eer-betuiging aan die Almagtige God en Here Jesus Christus

Siek en vir die 5de keer swanger?? Vir my was dit ondenkbaar. Hoe kan dit wees? Met die gevoel van verlies nog rou in my gemoed, nadat ons Hanita ons baba dogtertjie na 'n kort lewe van net 36 uur verloor het. Selfs die hunkering om 'n baba lyfie te voed het vervaag. In my menslikheid kon ek net nie sien dat hierdie swangerskap suksesvol sou wees nie. Dankie Abba Vader dat U reeds 'n ander plan gehad het. In Sy liefde en genade maak hy my heel en bewaar hy my en ons kosbare ongebore baba. In stille afwagting hoor ek my koning Jesus se stem, "Jy sal 'n seun hê. Hy sal die vrug van jou geloof wees en jy moet hom Johannes noem." Vir die derde keer bevestig ons Vader hierdie nuwe seuntjie in ons lewens. In die 36ste week wou niks wat die dokter doen meer die geboorte terug hou nie. Johan se longe was nog nie reg vir die geboorte nie. Met geen ander uitweg as 'n nood keiser nie, is ons seuntjie die 21ste Maart 1991 gebore. Johan was vir 21 dae in die ICU. Dit het soms gevoel asof die stryd om Johan se lewe ons verskeur. Eindelik na 21 dae is Johan oorgeplaas na die spesialis sorgeenheid en kon ek hom vir die eerste keer vashou. Die dankbaarheid en opgewondenheid was oorweldigend! Net voor Johan ontslaan is moes hy vir 'n brein skandering gaan, maar ons Vader het gesê dit is genoeg en ons het die skandering van die hand gewys. Prys die Here! Later het ons gehoor die arme dogtertjie wat in Johan se plek gegaan het vir die skandering het breinvlies ontsteking opgedoen. Daar is vermoed dat sy die virus in die tonnel gekry het. Johan is volkome genees, hy het op gegroei in 'n pragtige seuntjie met volmaakte sig. Gesond en vol lewenslus het hy saam met my en sy boetie en twee sussies by Oupa en ouma op die plaas gaan kuier. Skaars twee jaar na sy geboorte was ons weer in 'n stryd om sy lewe gewikkel. Met almal om die kombuis tafel en ek in die stort het Johan sy kans gevat om sy Oupa se 38 spesiale rewolwer te ondersoek. Ons weet tot van dag toe nie hoe hy die holster oop gekry het nie. Hy het die rewolwer tussen sy knieë vas geknyp en met sy duime die sneller afgedruk. Die koeël is bokant sy regter oog deur sy regter lob en regs aan die kant bokant sy oor uit. Na die skok van die slag het ek net gehoor hoe my Ma begin gil. Nog in die stort het die Heilige Gees my aangemoedig om onmiddellik te vergewe ek kon ook dadelik met die krag van Jesus vergifnis uitspreek. In Klerksdorp se ICU is Johan vir dood gelos. Sy breinvlies is nooit geheg nie. Hy het nie in baie higiëniese toestande gelê nie, is net gesedeer. Nadat Johan in Universitas opgeneem is, was die span spesialiste en dokters geskok om te verneem dat die ongeluk reeds Saterdag oggend plaasgevind het en nie Maandag oggend soos die doktersbrief beweer het nie. Die ongeloof en moedeloosheid op die gesig van die spesialis was baie ontstellend. Weer het ons besluit om ons vertroue op Jesus Christus te plaas en nie op mense nie. 'n 13 ure lange operasie het gevolg, waardeur net die Here Jesus ons gedra het. Met ons oë op Hom gerig het ons gewag en gewag. Johan is uit ICU uitgestoot met die nuus dat hy heel waarskynlik verlam aan sy linkerkant gaan wees. Prys die Here! Genadige, liefdevolle, barmhartige God ons Vader en Jesus Christus deur wie se wonde ons genees is. Op die derde dag stap Johan self uit ICU uit en kan ons huis toe gaan! Na 'n baie kort tydjie het ons hom gespeen van medikasie wat die konvulsies moes onderdruk tot groot verbasing van sy spesialis. Hy wa volkome genees! Halleluja!! Johan het op 21 Maart 2012, 21 jaar oud geword en is blakend gesond. Nou begin sy volwasse lewe, ook kan ek ons Hemelse Vader nie genoeg dank dat Johan 'n wedergebore kind van God is nie. Dankie Koning Jesus dat U die werk wat U in sy lewe begin het, sal volbring tot op die Dag van Jesus Christus. Wat Jesus vir ons gedoen het kan hy vir U ook doen!

Hannetjie Pretorius, Hartswater